# Seepuntstap 2026

| ROETE: | Queen's Beach na Oranjezigt Mark en terug. | DATUM: | 07-Feb-26 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

n Groep van 18 stapmaats ontmoet 06h45 by Queen's Beach parkering. Admin word afgehandel en algemene verwagtinge van die roete word bespreek. Ons is gelukkig om 'n paar nuwe stappers te ontmoet, asook 2 lede wat na 'n baie lang rusperiode weer kom saamstap, te verwelkom. Dit is 'n heerlike koel, bewolkte oggend! 07h00 Vertrek ons en stap al geselsend in die rigting van die V&A Waterfront. Die see en berg is pragtig! Die Promenade is pragtig opgeknap, die paadjies netjies herstel en die grasperke is besig om pragtig groen te raak. Meeste van ons is baie opgewonde om die nuwe Oranjezigt plaasmark vir die eerste keer te besoek en is aangenaam verras om te sien hoe pragtig en gerieflik die nuwe geboue se uitleg is. Alle handelsware is van topgehalte en die kosstalletjies laat mens se mond behoorlik water! Ons kuier daar vir 40 minute. Net om die draai van die mark sien ons 'n paar dolfyne wat heerlik tussen die kajakroeiers in die baai baljaar - klap hul sterte en spat die roeiers sopnat! Pragtige interaksie tussen die roeiers en dolfyne!! Oppad terug motors toe vertoef ons 'n wyle om die Orms & Canon uitstalling te bewonder. Amanda wys vir ons die wenfoto (geneem deur haar vriend Marc Degenaar). Swem was ongelukkig uit, aangesien die getypoel met laagwater net kniediep is. Ons stap flink en bereik die motors teen ongeveer 10h15 - net betys, want die son begin nou steek! Dankie aan al die stapmaats wat die oggend met ons gedeel het!

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Alana van Rensburg | 075/2026 | 12 | 10 | |
| Amanda Matthee | 045/2026 | 12 | 10 | |
| Amanda Relihan | Nie-lid | 12 | 10 | |
| Annetjie Human | 204/2026 | 12 | 10 | |
| Louis Human | Nie-lid | 12 | 10 | |
| Arie van Eck | 148/2026 | 12 | 10 | |
| Arina van Eck | 147/2026 | 12 | 10 | |
| Beulagh Keulder | 051/2026 | 12 | 10 | |
| Lieneke du Toit | 104/2026 | 12 | 10 | |
| Hennie du Toit | 105/2026 | 12 | 10 | |
| Magda le Roux | 124/2026 | 12 | 10 | |
| Mariëtte Nortje | 062/2026 | 12 | 10 | |
| Michele Smit | 068/2026 | 12 | 10 | |
| Theo Smit | 067/2026 | 12 | 10 | |
| Rudi Burger | 099/2026 | 12 | 10 | |
| Margery de Freitas | Nie-lid | 12 | 10 | |
| Kobus Terblanche | 041/2026 | 12 | 10 | |
| Edna Terblanche | 040/2026 | 12 | 10 | |
| | | | | |
| | | | | |
| | TOTALE: | 216 | 180 | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Edna se eie Noodhulp sakkie |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | Geen noodhulp benodig nie |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Edna Terblanche |
|---|---|